# *Gebed en genesing*

## JAKOBUS 5:14 - 16

In Jakobus 5:14 - 16 lees ons: "As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here. En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word. Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word."

### 1. VIR SIEKES MOET GEBID WORD

In hierdie Skrifgedeelte word uitdruklik geleer dat ouderlinge vir siekes moet bid. Dit is egter die sieke wat die inisiatief moet neem. Hy moet die ouderlinge van die gemeente laat kom.

Die olie waarmee die sieke in die Naam van die Here gesalf word, of die ouderlinge as sodanig, maak nie die sieke gesond nie. Die Skrif sê: ". . . die Here sal hom gesond maak." (Jak. 5:15)

Die Here doen dit egter deur middel van "die gebed van die geloof". (1953-vertaling) "Die gebed van die geloof" is na my mening 'n beter vertaling as die woorde "as hulle gelowig bid". Die melaatse het tog seker ook gelowig gebid toe hy vir Jesus gesê het: "Here, as U wil, kan U my gesond maak." (Matt. 8:2) Hy het egter daarmee rekening gehou dat dit dalk nie die wil van God was om hom te genees nie. Hy het nie getwyfel in die vermoë van God om te kan genees nie. Hy het dit trouens gesê: ". . . as U wil, kan U . . ." En so kan iemand gelowig bid sonder om verhoor te word. Paulus het tog seker ook gelowig vir Trofimus gebid, maar hy het nie gesond geword nie. (2 Tim. 4:20)



Die gebed van die geloof is nie presies dieselfde as om gelowig te bid nie. Die gebed van die geloof is 'n gawe van God met die doel om te genees. Daarom is dit in Jakobus 5:15 nie 'n bevel nie, maar 'n belofte. Dit is 'n gawe wat God gee wanneer Hy wil. So byvoorbeeld het Petrus van die genesing van die verlamde man getuig: "Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak. Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome herstel, hier voor julle almal." (Hand. 3:16) Dit is geloof wat God gee waar, wanneer en aan wie Hy wil.

Anders is die geval wanneer daar om wysheid gebid word. Hier word die bidder beveel om gelowig te bid. (Jak. 1:5, 6) Hier mag nie getwyfel word nie, want die een wat twyfel, ontvang nie. (Jak. 1:6 - 8)

Die ouderlinge word nie op dieselfde wyse as in die geval van die gebed om wysheid beveel om gelowig om die genesing van die sieke te bid nie, en dit word ook nie aan ongeloof gewyt indien die sieke nie gesond sou word nie. Die verskil tussen die gebed om wysheid en die gebed om die genesing van 'n sieke moet goed raakgesien word. By eersgenoemde is geloof 'n vereiste; by laasgenoemde is geloof 'n belofte. By eersgenoemde word wysheid sonder voorbehoud en sonder verwyt aan almal belowe (Jak. 1:5); by laasgenoemde is die belofte dat slegs wanneer die gebed van die geloof gebid word, die sieke gesond sal word. (Jak. 5:15)

### 2. WIL GOD HÊ DAT ALLE GELOWIGES GESOND MOET WEES?

Dit bring ons by 'n belangrike vraag: wil God hê dat alle gelowiges gesond moet wees?

Ons vind in die Bybel uitsprake soos: "Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe." (1 Tess. 4:3) En ook: ". . . Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer." (2 Pet. 3:9) Maar tevergeefs soek ons na 'n uitspraak in die Skrif wat sê dat dit die wil van God is dat alle gelowiges gesond moet wees.

Inteendeel; die Skrif leer dat 'n gelowige siek kan wees na die liggaam, maar terselfdertyd gesond na die siel. Die bedelaar, Lasarus, sterf as iemand wat na die liggaam siek was, maar hy word na sy dood in heerlikheid opgeneem. (Luk. 16:20 - 22)

'n Gelowige kan sy gesondheid verloor, maar nooit sy verlossing nie. Elisa het byvoorbeeld siek geword aan die siekte waaraan hy sou sterf, maar hy sterf as iemand deur wie selfs ná sy dood nog 'n wonderteken sou plaasvind. (2 Kon. 13:14 - 21)

Paulus verkondig by geleentheid as 'n siek mens na die liggaam die evangelie (Gal. 4:13) en hy skaam hom nie daaroor nie. Maar wanneer dit gaan om die lewe en voorbeeld van die prediker, waarsku hy dat ons nie ander tot die stryd moet oproep as ons self nie kwalifiseer nie. (1 Kor. 9:27)

Johannes skryf aan Gaius en sê: "Liewe Gaius, ek hoop dat jy gesond is, en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan." (3 Joh. vers 2) Uit hierdie woorde kan ons aflei dat die genesing van die siel 'n verpligting is, maar dat die genesing van die liggaam 'n voorreg is.

Trouens; as dit die wil van God is dat elke gelowige gesond moet wees, dan moet elke gebed vir 'n gelowige om genesing verhoor word, want daar staan geskryf: "En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat ons gebede verhoor word as ons enigiets volgens sy wil vra." (1 Joh. 5:14)

En as die saak só is en die siek gelowige nie gesond word nie, staan ons voor groot probleme. Dan is die geloofwaardigheid van die Skrif in gedrang; óf die fout moet by die siek gelowige gesoek word, óf by die standpunt dat alle gelowiges gesond moet wees.

## 3. WAAR LÊ DIE FOUT?

Ons moet dus vra: waar lê die fout?

As Skrifgelowiges aanvaar ons dat die Skrif in sy geheel die volle waarheid van God is. (Ps. 119:160; Joh. 17:17; Hand. 24:14; 2 Tim. 3:16) Die Skrif is vir ons die einde van alle teenspraak. Die fout lê dus elders.



As die fout by die siek gelowige gesoek moet word, dan is daar drie moontlikhede, naamlik: sonde, ongeloof of Satan. Maar om siek gelowiges vandag aan hierdie drie moontlikhede te toets, is nie moontlik nie, omdat die Skrif leer dat God alleen 'n kenner van die hart is. (1 Kon. 8:39)

Gelukkig is daar in die Skrif voorbeelde van gelowiges soos Paulus en Timoteus wat siek was, en oor hulle lewe getuig die Heilige Gees! Kom ons toets hulle.

## 4. WAS SONDE DIE OORSAAK VAN HULLE SIEKTE

Was sonde die oorsaak van hulle siekte? moet ons vra.

In die geval van Paulus was dit om sonde te voorkom. Hy skryf: ". . . Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my 'n doring in die vlees gegee . . ." (2 Kor. 12:7) Wat die doring presies was, weet ons nie, maar dit was iets wat sy liggaam aangetas het.

In die geval van Timoteus word daar vir hom ter wille van sy swak maag en herhaalde ongesteldhede medikasie aanbeveel. (1 Tim. 5:23) Hy word nie deur Paulus vermaan oor sonde in sy lewe wat dalk die oorsaak van sy siekte kon wees nie. Medikasie kan in elk geval nie sonde verwyder nie. Sonde was dus nie die oorsaak nie.

Sonde kán egter die oorsaak van siektes wees. So was dit byvoorbeeld die geval met die siek man van Betesda. (Joh. 5:14) En as dit die geval is, moet daar eers met die sonde afgereken word, voordat die genesing kan intree. (Jak. 5:16) Die Here het eers die sondes van die verlamde man in Kapernaum vergewe (Mark. 2:5) en hom daarna genees. (Mark. 2:1 - 12)

Sonde hoef egter nie die oorsaak van siektes te wees nie. 'n Voorbeeld hiervan is die man in Johannes 9 wat blind gebore is. Die dissipels het vir Jesus gevra: "Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n?" (Joh. 9:2) En Jesus het geantwoord: "Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die

werke wat God doen, in hom gesien sal kan word." (Joh. 9:3) En van Epafroditos lees ons byvoorbeeld dat hy inderdaad doodsiek was as gevolg van sy werk vir Christus. (Fil. 2:25 - 30)

Voorts weet ons dat sonde nooit in die Skrif as rede genoem word waarom die sieke, vir wie daar gebid is, nie gesond kon word nie. Inteendeel; die Skrif verklaar uitdruklik van die sieke vir wie daar gebid word: ". . . As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word." (Jak. 5:15)

## 5. WAS ONGELOOF DIE REDE WAAROM HULLE NIE GESOND KON WORD NIE?

As sonde nie die oorsaak was nie, moet ons vra of ongeloof nie dalk die rede was waarom hulle nie gesond kon word nie.

Paulus was 'n man met 'n besonder sterk geloof. Dit sien ons byvoorbeeld in sy optrede toe hy saam met ander skipbreuk gely het. (Hand. 27:21 - 25)

Van Timoteus lees ons dat hy oor 'n opregte geloof beskik het. (2 Tim. 1:5) Ongeloof was dus nie die oorsaak nie.

Ons weet dat ongeloof by die voorbidder genesing vir die sieke kan verhinder. (Vgl. Matt. 17:19, 20) Ons weet ook dat geloof by die sieke om gesond te word, genesing kan bring. (Vgl. Hand. 14:8 - 10 en 3:1 - 16) Maar nêrens in die Skrif word ongeloof by die sieke as rede aangegee waarom hy nie gesond kon word nie.

Die feit dat Jesus in Nasaret, vanweë die ongeloof van die mense, nie baie kragtige dade gedoen het nie (vgl. Matt. 13:58; Mark. 6:5, 6), moet gesoek word in die feit dat die mense aan Hom aanstoot geneem het. (Matt. 13:57; Mark. 6:3) En as gevolg van hulle houding is Hy nie in die geleentheid gestel om hulle te genees nie. Dit was nie so dat Hy probeer het om hulle te genees, en dat Hy as gevolg van hulle ongeloof nie daarin kon slaag nie. Nee, elkeen van hulle wat na Hom gekom het, is genees. (Mark. 6:5)

Dit sien ons by die genesing van die seun wat maansiek was. Sy vader het getwyfel en die seun kon glad nie glo nie. En tog is



die seun deur Jesus gesond gemaak. (Mark. 9:22 - 23) Ongeloof by die sieke kan dus nie genesing verhinder nie.

## 6. WAS DIT SATAN WAT DIE GENESING VERHINDER HET?

Was dit miskien Satan wat in hulle geval die genesing verhinder het?

In die geval van Paulus was dit inderdaad 'n engel van Satan wat Paulus met vuiste geslaan het. (2 Kor. 12:7) Die doring in die vlees is egter aan Paulus gegee. (2 Kor. 12:7) Dit het dus in opdrag van God gebeur. Die krediet moenie hier aan Satan gegee word nie. Satan het in opdrag van God opgetree. En daarom is Satan ook nie die eintlike oorsaak van sy siekte nie.

By Timoteus was die oorsaak moontlik fisiologies van aard. Timoteus was van nature 'n vreesagtige mens. Daarom versoek Paulus die gemeente in Korinte om te sorg dat Timoteus sonder vrees by hulle moet wees. (Vgl. 1 Kor. 16:10; 1953-vertaling) Hy het waarskynlik aan sy senuwees gely. Dit verklaar dan sy swak maag en herhaalde ongesteldhede. (1 Tim. 5:23) Satan was dus nie die oorsaak van sy siekte nie.

Die duiwel kan iemand egter siek maak soos in die geval van Job. (Job 2:5 - 7) Die Skrif praat van mense wat genees word wat onder die mag van die duiwel was. (Hand. 10:38; Matt. 12:22; Luk. 13:11 - 16)

Die mag van die duiwel is egter nie onbeperk nie. Sonder die toestemming van God kan die duiwel nie 'n vinger verroer nie. Dit sien ons ook in die geval van Job. (Job 2:5 - 7)

Christus het gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak (1 Joh. 3:8), en Hy het aan die gelowiges mag oor die krag van die vyand gegee. (Matt. 10:1; Luk. 10:19) Satan is dus nie die rede waarom Paulus en Timoteus nie gesond kon word nie.

Dit sal voorts ook verkeerd wees om by elke siekte die duiwel as oorsaak te sien. Die Here maak ook mense siek. (Vgl. Eks. 4:11; 15:26) En as God die siekte oor iemand gebring het, is dit verkeerd om die duiwel hier aan te spreek.

Dit is steeds die Here wat gesond maak. (Jak. 5:15) Hy doen dit deur die gebed van die geloof (Jak. 5:15) of deur middel van medikasie. (Vgl. Jes. 38:5, 21)

Die Skrif praat nie onsimpatiek van geneeshere nie. Die teendeel is waar. (Matt. 9:12; Kol. 4:14) Dit is wanneer iemand net die dokters raadpleeg en nie die Here nie, dat die Woord die optrede nie goedkeur nie. (2 Kron. 16:12)

## 7. DIE STANDPUNT IS VERKEERD

As sonde, ongeloof of die Satan dan nie die oorsaak was waarom Paulus en Timoteus nie gesond kon word nie, dan moet ons tot die slotsom kom dat die standpunt dat God wil hê dat alle gelowiges gesond moet wees, nie geldig is nie. So 'n standpunt is verkeerd. Nee, dit is nie die wil van God dat elke gelowige gesond moet wees nie.

## 8. MAAR WAT VAN MATTEUS 8:16 EN 17?

Wat dan van Matteus 8:16 en 17? Daar lees ons: "Toe dit aand word, het hulle baie wat in die mag van duiwels was, vir Hom gebring. Hy het die geeste met 'n woord uitgedryf en al die siekes gesond gemaak. So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: 'Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra.' "

Hierdie teksgedeelte word gewoonlik só verstaan dat dit beteken dat Christus Jesus ook ons siektes plaasvervangend gedra het.

Ons moet onmiddellik daarop let dat gesê word dat hierdie woord van Jesaja reeds vervul is nog vóórdat Christus op Golgota gesterf het. Vóór Golgota het Jesus al mense gesond gemaak. Voorts is dit belangrik om raak te sien dat Matteus hier na Jesaja 53:4 verwys. Daar lees ons: "Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra . . ." En die twee werkwoorde wat Matteus vir "neem" en "dra" gebruik, het in Matteus 8:17 die betekenis van "wegneem" of "wegdra". So word die woord ook in Johannes 20:15 gebruik waar Maria



Magdalena sê: "Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom begrawe het, en ek sal Hom daar gaan haal." Die bedoeling is om 'n voorwerp van die een plek na 'n ander te neem. Presies so het Christus Jesus gedoen om ons siektes van ons af weg te neem. Dit beteken egter geensins dat Hy ons siektes plaasvervangend gedra het nie.

Christus Jesus het wel ons sóndes plaasvervangend aan die kruis gedra. So getuig Petrus: "Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees. Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe." (1 Pet. 2:24, 25)

Hier verwys Petrus na Jesaja 53:5 en 6. Daar lees ons: "Oor óns oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sondes op hom laat afkom." Hierdie woorde van Jesaja sien op Christus Jesus (vgl. Hand. 8:26 - 35) en kom ooreen met wat Paulus skryf: "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees." (2 Kor. 5:21)

Die woord wat Petrus vir "dra" gebruik, het hier die betekenis van plaasvervangend gedra. Die woord wat hy vir "genees" gebruik, word in die Nuwe Testament óf letterlik vir die genesing van die liggaam gebruik (vgl. Matt. 8:8), óf geestelik vir die genesing van die siel. (Vgl. Matt. 13:15) Maar Jesaja gebruik die woord, wat hier deur Petrus vertaal is, konsekwent vir die genesing van die siel. (Vgl. Jes. 6:10; 19:22; 30:26; 57:18, 19) Dit is dus duidelik dat die Skrif leer dat Christus Jesus ons sondes plaasvervangend gedra het. En omdat Hy ons sondes in ons plek gedra het, kan Hy ook siektes van mense wegneem. Maar die standpunt dat Christus Jesus ook ons siektes plaasvervangend gedra het, kan nie uit die Skrif gehandhaaf word nie.

Indien Jesus egter ook ons siektes plaasvervangend gedra het, dan sou verkondig kon word dat dit die wil van God is dat elke gelowige gesond moet wees. Wat wel waar is, is die feit dat Christus Jesus ons sondes in ons plek gedra het, en daarom ook gekom het om die gevolge van die sonde, soos rampe, siektes en die dood, van ons weg te neem.

Wie egter redeneer dat Christus Jesus se dood beteken het dat ons nie meer siek mag wees nie, moet ook redeneer dat ons dus ook nie meer mag sterf nie, want siekte en die dood is albei uitvloeisels van die sonde wat deur die mens die wêreld ingekom het. (Vgl. Rom. 5:12)

Maar ons weet, al het Christus Jesus reeds in beginsel die dood vir ons oorwin, word dit vir ons eers op die dag van die wederkoms 'n heerlike werklikheid. Eers dan word die dood as die laaste vyand vernietig (1 Kor. 15:26); word die dood verslind in die oorwinning. (1 Kor. 15:51 - 55) Maar nou geld die woord dat die mens bestem is om een maal te sterf en daarna kom die oordeel. (Heb. 9:27) En dit geld ook vir die gelowige. (2 Kon. 13:14)

Net so, al het die kruisdood van Christus reeds in beginsel die genesing van ons liggaam gewaarborg, word ons vernederde liggame eers op die dag van die wederkoms van ons Here Jesus Christus verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees. (Fil. 3:20, 21) Maar nou geld die woord: "Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek." (2 Kor. 4:7)

## 9. WAT MOET ONS DOEN?

Wat moet ons dan doen? Die Skrif leer dat daar vir siekes gebid moet word. Gelowiges word aangemoedig om die ouderlinge vir hulle te laat bid. (Jak. 5:14, 15)

Voorbidders moet steeds so bid: "Here, as dit U wil is." (Vgl. Matt. 8:2)

Siekes moet toegelaat word om van medikasie gebruik te maak. (Vgl. Jes. 38:5, 21) Medisyne moenie weggegooi word voordat dit nie duidelik is dat die genesing reeds ingetree het nie.



## 10. WAT VERWAG KAN WORD

Wat kan die siekes verwag? Die siekes kan verwag dat die gebed van die geloof vir hulle genesing sal bring, soos die Skrif beloof het dat die Here hulle dan gesond sal maak. (Jak. 5:14, 15)

Die siekes kan verwag dat die genesing dalk nie onmiddellik intree nie, soos in die geval van Trofimus wat deur Paulus siek in Milete agtergelaat is. (2 Tim. 4:20) Trofimus het eers later gesond geword.

Die siekes kan verwag dat hulle genesing dalk geleidelik mag plaasvind, soos in die geval van die blinde man in Betsaida wie se gesig geleidelik verbeter het totdat hy volkome genees was. (Mark. 8:22 - 25)

Die siekes kan verwag dat hulle dalk eers 'n rukkie later gesond sal word, soos die blindgeborene van Johannes 9. Eers het Jesus klei aan sy oë gesmeer. Daarna het Hy hom na die bad van Siloam gestuur om hom te gaan was. En eers toe kon hy sien. (Joh. 9:1 - 7)

Die siekes kan selfs ook verwag dat hulle glad nie gesond gaan word nie, soos in die geval van Paulus wat drie keer gebid het dat hy van die doring in sy vlees verlos mag word, en dit het nie gebeur nie. (2 Kor. 12:7 - 9)

Dan is daar ook so iets soos 'n laaste siekbed, die siekte waaraan ons gaan sterf (vgl. 2 Kon. 13:14), en aan hierdie siekte moet 'n mens jou kan oorgee.

Een ding moet ons egter weet: al verhoor God nie altyd al ons gebede nie, gee Hy altyd aan ons die genade om dit te verwerk en om daarmee saam te lewe. Dan ondervind ons soos Paulus sy troosvolle woord: "My genade is vir jou genoeg . . ." (2 Kor. 12:9)